## Saamgestelde sinne

'n **Saamgestelde** sin bestaan uit 'n enkelvoudige sin **en** bysin(ne). Ons herken bysinne gewoonlik aan die voegwoord (w-woord) van Groep 3 wat die bysin by die hoofsin inlei. Die woordorde van die bysin of sin 2 moet dus verander.

**Voorbeeld:** Die mier, wat die fluksste van alle goggas is, kan ook soms 'n lastige gogga wees.

'n **Veelvoudige** sin bestaan uit **twee** enkelvoudige sinne (hoofsinne) wat met 'n voegwoord van Groep 1 verbind word. Die woordorde van sin 2 verander nie.

**Voorbeeld:** Die mier is die fluksste van alle goggas, maar dit is ook soms 'n lastige gogga.

**Wenke**

- Bysinne bevat 'n werkwoord.
- Byvoeglike bysinne gee meer inligting oor die onderwerp en voorwerp.
- Bywoordelike bysinne gee meer inligting oor die gesegde (werkwoord).
- Gebruik altyd **wat** as jy 'n byvoeglike bysin wil skryf.
- Gebruik **waar** of **wanneer** as jy 'n bywoordelike bysin wil skryf.

1. Brei die volgende sinne uit met eers 'n byvoeglike naamwoord, daarna met 'n byvoeglike bepaling en dan met 'n byvoeglike bysin.

   a) Werkermiere versorg die koninginmier.

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

   b) Die bouers bou die miernes.

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

2. Brei die volgende sinne uit met eers 'n bywoord, daarna met 'n bywoordelike bepaling en dan met 'n bywoordelike bysin.

   a) Spinnekoppe spin 'n web.

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

   b) Muskiete suig bloed.

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________


© Oxford University Press Southern Africa

3. Brei die volgende sinne uit met eers 'n bywoordelike bysin en dan met 'n byvoeglike bysin.

   a) Die wurm kruip weg.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   b) Bye soek blomme.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

**Wenke**

Onthou die komma voor **maar** en **want**!

4. Onderstreep die byvoeglike bysinne met 'n groen pen en die bywoordelike bysinne met 'n rooi pen.

   a) Motte vlieg waar die lig helder is.

   b) Oeste ly onder sprinkane wat alles opvreet.

   c) Skerpioene het sterte waarin die gif gebêre word.

   d) Krieke maak geraas wanneer 'n mens wil slaap.

5. Skryf die enkelvoudige sinne oor as veelvoudige sinne. Onderstreep die gesegdes (werkwoorde) in die sinne.

   a) 'n Vlooi kan ver spring. Dit het baie krag in sy pote. (want)

   ______________________________________________

   b) Krieke is 'n las. 'n Mens kan hulle beheer. (maar)

   ______________________________________________

   c) Skoenlappers het helder kleure. Hulle verfraai ons tuine. (en)

   ______________________________________________

6. Skryf watter van die sinne 'n enkelvoudige (E), saamgestelde (S) of veelvoudige (V) sin is.

   a) Skerpioene is giftig, maar krieke is nie. ____________

   b) Die wurm spin 'n kokon waarin sy kan skuil. ____________

   c) Die wurm is nie maer nie. ____________

   d) Goggas is besig wanneer dit warm is. ____________

   e) Motte is dom, want hulle vlieg te naby aan kerse. ____________

**Ken die woorde**

by – *bee*
gogga – *insect*
kriek – *cricket*
mier – *ant*
muskiet – *mosquito*
skerpioen – *scorpion*
skoenlapper – *butterfly*
spinnekop – *spider*
sprinkaan – *locust*
vlooi – *flea*
wurm – *worm*
gif – *poison*
kers – *candle*
kokon – *cocoon*
krag – *power*
las – *pest*
miernes – *ant's nest*
oes – *crop/harvest*
stert – *tail*
tuin – *garden*
web – *cobweb*

© Oxford University Press Southern Africa